

## **Sing vooraf staande: Psalm 110:1, 2 (p. 550)**

- 1 Die HEER is dit wat tot my HEER gespreek het: / "Sit aan my regterhand as hoogste HEER, tot Ek u vyand in sy mag gebreek het, / hom werp as voetbank voor u voete neer.
- 2 "Aan U, so hoog in heerlijkheid verhewe, / gee Ek uit Sion, waar U sit ten troon, die heerserstaf oor wie u mag weerstrew. / Sprei voor hul oog u heerskappy ten toon!"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 138:1, 2 (p. 670)**

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig, en voor die gode<sup>in</sup> psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig. Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe. En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe! U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe. Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone, wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

### **Wet (Eksodus 20 en Romeine 3:19-24)**

## **Psalm 126:1, 2 (p. 621)**

- 1 Toe God uit smaad en slawerny / ons uit gevangenskap wou lei, was dit vir ons, beklemd deur vrees, net soos 'n blye droom gewees. Ons mond was vrolik, ongebonde / ons tong van blydschap in die stonde. Selfs heidenvolke het vertel: / Groot is Gods daad aan Israel!
- 2 Groot was u daad, en ons is bly. / U het gered, en ons in vry! Maar, HEER, u gunsvolk sit nou weer / in droefnis en ellende neer. Wil in u trou ons nooit begewe, / maar wend ons lot, laat ons herlewe, soos waterstrome<sup>in</sup> Suiderland / die veld laat juig na sonnebrand.

## **Gebed**

### **Skrifberyming 3-3:1, 2, 3, 5 (nuut)**

- 1 Dag van verlossing! Kyk, Hy kom – / Gesalfde van die Heer. Op Hom het God se Gees gekom / om goeie nuus te bring.
- 2 Hy bring bedruktes nuwe moed, / geboeides maak Hy vry, verkondig God se nuwe dag: / Genade ryk en vry.
- 3 Hulle wat treur, kom bied Hy troos; / waar smart is, gee Hy eer. Sy volk wat sug in vreemde land / herstel Hy eind'lik weer.
- 5 God se verbond staan ewig vas, / Hy doen wat Hy beloof. Die nasies sal dit sien, sal hoor – / sy volk wat Hom bly loof.

## **Skriflesing: 1 Samuel 12:1-25**

### **Kernverse: 1 Samuel 12:13**

**Hier is dan nou die koning vir wie julle verkies het, op wie julle aan-gedring het. Kyk, die Here het 'n koning oor julle aangestel.**

(1 Samuel 12:13 AFR83)

## **Tema: Rigterstyd of koningstyd – God is steeds die Here van sy volk**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die afgelope jaar en meer het ons voortdurend oor die nuus gehoor van die onrus in die Arabiese wêreld. Eers was dit in Egipte, Tunisië, Libië en Jemen, en nou vir hoeveel maande al woed die burgeroorlog voort in Sirië. In al hierdie lande gaan dit oor die wisseling van leierskap. Die ou leiers klou verbete vas aan die mag wat hulle het en misbruik hulle gesag deur burgers gewelddadig te bedwing.

Vir ons wat van buite na hierdie onrus en wisseling kyk, is die manier van doen onverstaanbaar. Dit is vir ons onverstaanbaar omdat ons nie in daardie lande woon nie en alles weet wat daar gebeur en gebeur het nie. Aan die ander kant is dit ook vir ons onverstaanbaar omdat ons deur die genade van die Here 'n rustige wisseling van leierskap in 1994 beleef het. Ons grootmense weet egter dat daar onder die oppervlak destyds baie onsekerheid was oor die verandering in ons eie land. Maar ons dank ons goeie God dat Hy sy hand so oor ons uitgestrek gehou het sodat ons bloedvergieting gespaar is. By mense is daar altyd die verwagting dat die verandering van leierskap die omstandighede waarin hulle lewe sal verbeter. So is daar miljoene mense in ons eie land wat ook verwag het dat 'n nuwe leierskap groter voordeel vir hulle sal bring.

Hier in 1 Samuel 12 lees ons van die finale oorgang van die rigterstyd na die koningstyd in die Here se geskiedenis met sy volk Israel. Maar voordat ons nou agter die Heilige Gees in hierdie Skrifgedeelte in tree, laat Hy ons eers die groter prentjie laat raaksien. Wanneer ons hierdie groter prentjie sien, sal dit ons help om te begryp hoekom juis hierdie sake deur Samuel aan die orde gebring word in sy afskeidsboodskap. 1 Samuel 8 tot 11 lê parallel langs 1 Samuel 12 tot 15. In 1 Samuel 8 en 12 – aan die begin van elkeen van hierdie parallelle gedeeltes – begin Samuel om die volk te waarsku oor hulle keuse om 'n koning te wil hê. In albei gedeeltes word dit opgevolg deur wat Saul vermag het (1 Samuel 9-10 en 1 Samuel 13-14). Albei gedeeltes word afgesluit met Saul wat die volk in die oorlog lei (1 Samuel 11 en 1 Samuel 15). Die eerste van hierdie twee parallelle gedeeltes verhaal Saul se vroeëre suksesse as die gesalfde van die Here en die tweede deel verhaal die tragiese mislukking van Saul as koning.

Broers, susters en kinders, kom ons stap nou saam met die Heilige Gees na Gilgal toe waar die gebeure van 1 Samuel 12 afspeel. Die vorige hoofstuk het afgesluit met die oorwinning oor die koning Nagas en die Ammoniete wat gedreig het om die mans van Jabes in Gilead se regteroë uit te steek. Die mooiste belydenis het toe ook uit Saul se mond gekom toe hy gesê het:

**Op hierdie dag mag geen man gedood word nie, want vandag het die HERE 'n verlossing in Israel bewerk.** (1 Samuel 11:13 AFR53)

Samuel het die manskappe en vir Saul toe aangesê:

**Kom, laat ons na Gilgal gaan en daar die koningskap vernuwe.**  
(1 Samuel 11:14 AFR53)

Die eerste ding waaraan 'n mens dink wanneer jy die woorde van Samuel hoor, is dat Saul as koning by Gilgal moet gaan bevestig word. By Mispa het die Here ten aanskoue van die hele volk vir Saul met die lot aangewys as die een wat Hy gekies het om koning in Israel te wees. Baie mense daar by Mispa was inderdaad oortuig dat Saul die man is wat God gekies het. Maar daar was sommige wat gemeen het dat Saul nie opgewasse sou wees nie. Toe bestier God dit so dat Nagas en sy Ammonitiese weermag optrek teen die Israeliete in Jabes. En die Heilige Gees het kragtig in Saul gewerk sodat hy met 'n goed beplande taktiek die Ammoniete kon oorrompel. Die manne wat vroeër oortuig was dat Saul inderdaad deur die Here aan hulle gegee is as koning was nog meer oortuig. En om nou die hele volk eensgesind te kry oor hierdie saak roep Samuel hulle op na Gilgal toe. Daar sal weer bevestig word dat Saul die man is wat God gekies het.

Alhoewel 'n mens eerste aan Saul se koningskap dink as Samuel sê dat die koningskap vernuwe gaan word, gaan dit nie net oor die feit dat Saul koning is nie. Gilgal was eintlik 'n baie belangrike plek in die geskiedenis van Israel. Toe Josua destyds die volk deur die Jordaanrivier die beloofde land ingelei het, was dit die eerste plek waar Israel laer opgeslaan het wes van die Jordaanrivier. Op hierdie plek het hulle twaalf klippe uit die Jordaanrivier opgestapel as 'n gedenkteken dat die Here sy volk op droë grond deur die Jordaan laat trek het. Dit is ook op hierdie plek waar die Israeliete besny is omdat hulle tydens die veertig jaar in die woestyn nie besny is nie. Israel het dus hulle verbondspelig – die besnydenis – teenoor die Here daar by Gilgal vir die eerste keer weer nagekom. Deur dit te doen het hulle bevestig dat die Here hulle God is, en dat hulle sy volk is. Dit gaan dus oor die Koningskap van God oor sy volk by Gilgal. Dit is die eintlike koningskap wat vernuwe moet word ter wille van die volk. Josua het immers die plek Gilgal genoem omdat die Here op daardie dag nadat die volk besny is, gesê het:

**Vandag het Ek julle bevry van die smaad wat van Egipte se tyd af op julle rus**

(Josua 5:9 AFR83).

Noudat ons weet waarom Samuel die volk na Gilgal toe oproep, keer ons weer terug na die gebeure daar by Gilgal. Die manskappe is nog baie opgewonde oor hierdie nuwe leier wat die Here vir hulle aangestel het as koning. En hulle sien voor hulle ook net die mooi van die toekoms raak. Laat ons nou luister wat Samuel in sy afskeidsboodskap sê.

In die eerste vyf verse plaas Samuel homself in die beskuldigdebank voor die Here en die hele volk. Die eerste klompie goed wat Samuel hier opnoem, hou verband met die beskuldigings van die volk waarvan ons in 1 Samuel 8 ook gelees het. Dit was op grond van daardie beskuldigings teen Samuel dat die volk geoordeel het dit sal beter wees as hulle ook nou 'n koning kry soos die ander nasies. Samuel probeer geensins daardie beskuldigings stilletjie van die tafel afvee nie. Hy noem hulle hardop daar in die openbaar. As daar dan iets is wat hy as die laaste rigter verkeerd gedoen het, moet dit nou gesê word.

Eerstens wys Samuel vir die volk daarop dat hy aan hulle versoek toegegee het toe hulle vir 'n koning gevra het. Samuel was van die begin af nie ten gunste daarvan dat daar 'n koning oor Israel moet regeer nie. Maar teen sy eie gevoelens in het Samuel vir die Here geluister en Hom gehoorsaam. Die Here het vir Samuel aangesê om toe te gee aan die volk se versoek om 'n koning te wil hê. Samuel het dus nie soseer na die volk se versoek geluister nie, maar eerder na die Here se bevel. Die vraag is: Sal die koning wat die Here aangestel het ook so die Here se bevel gehoorsaam, selfs al is die bevel teen sy eie gevoelens in?

Tweedens bring Samuel sy ouderdom ter sprake. Destyds het die volk juis gesê dat Samuel oud geword het. Dit was een van die redes waarom hulle toe 'n koning wou hê. Israel het gemeen dat Samuel te oud geword het om 'n leier vir die volk te wees. Wat 'n onnosel gevolgtrekking het die volk nie gemaak nie! Vandag doen jongmense dit nog steeds. Die wat oud geword het, moet uitgeskuif word, want hulle is nie meer geskik om die werk te doen nie. Is dit nie dan wanneer die meeste mislukkings in maatskappye en regerings plaasvind nie? Die wat jare se ondervinding het, word uitgerangeer, want hulle is nou blykbaar oor die muur. Mag dit in die kerk van onse Here nooit gebeur nie. Ouderdom diskwalifiseer 'n mens nie vir die diens in die Here se koninkryk nie. Die Here sê self in Psalm 92 dat die gelowiges nog in hulle gryse ouderdom vrugte sal dra. Laat ons wat jonk is, maar altyd raad by die gryses gaan vra. Solank as wat hulle lewe, is hulle in diens van die Here hier. Samuel sê later in die boodskap:

**Ook ek sal nie teen die Here sondig deur op te hou om vir julle te bid nie. Ek sal julle aanhou onderrig in die goeie en reguit pad (1 Samuel 12:23 AFR83).**

Samuel is beslis nog nie oor die muur nie.

'n Ander klag wat die volk gehad het, was dat die seuns van Samuel nie so eerbaar opgetree het soos hulle pa nie. Samuel het, anders as Eli, sy seuns nie maar saggies aangeproef nie. Hy het hulle as leiers onthef van hulle amp. Samuel se seuns was nou net gewone burgers. Samuel kan dus nie beskuldig word van nepotisme nie.

Verder vra Samuel die volk uit oor sy eie optrede as rigter. Hy vra die volk: Het ek ooit 'n os van iemand gevat? Het ek ooit 'n donkie van iemand gevat? Het ek ooit iemand benadeel of verdruk? Het ek ooit uit iemand se hand omkoopgeld aanvaar om onreg oor te sien? Die volk het daar in die openbare vergadering bevestig dat Samuel niemand van hulle benadeel of verdruk het nie en dat hy niks van iemand gevat het nie. Omdat Samuel homself in die beskuldigdebank voor die Here en die volk geplaas het, sê hy:

**“Die Here is hier by julle getuie, en sy gesalfde is vandag ook getuie dat julle niks teen my gevind het nie” En hulle sê: “Hy is getuie.” (1 Samuel 12:5 AFR83).**

Oppervlakkig gesien, sal 'n mens kon sê dat Samuel op die skouer geklop wou wees oor die wyse waarop hy as rigter sy werk in diens van die Here gedoen het. Maar is dit regtig waaroor dit gegaan het? Met hierdie getuie is het Israel bevestig dat Samuel hulle inderdaad opreg en eerlik in die weë van die Here gelei en onderrig het. Hulle kan nie later sê dat dit as gevolg van Samuel se oneerlike en onderduimse optrede is dat hulle van die Here en sy bevel afgegewyk het nie. Selfs die keer wat Samuel gevoel het dat die volk se versoek nie reg is in die oë van die Here nie, het Samuel steeds die Here gehoorsaam. Samuel het nie sy eie stempel op die volk probeer afdruk nie. Hy was 'n geloofwaardige leier vir die volk, want hy het die Here se bevel getrou uitgevoer. Samuel was net instrument en die Here het deur hom oor sy volk as Koning geheers.

Geliefdes, Samuel sit die hofsak voort. Nou word die historiese getuie ingebring. Die saak is so ernstig dat Samuel weer die Here as getuie roep. Nou moet die volk by Samuel kom staan sodat hy hulle voor die Here kan onderrig oor al die reddingsdade van die Here wat Hy vir hulle en hulle voorgeslagte gedoen het.

Samuel loop met hulle terug in die geskiedenis tot by Egipte. In Egipte het die volk se voorvaders tot die Here om hulp geroep. Die Here het toe vir Moses en Aäron gestuur om die Israeliete uit Egipte uit te lei na die beloofde land toe. In hierdie land, wat oorloop van melk en heuning en wat die volk as geskenk uit die Here se hand ontvang het, het hulle die Here vergeet en afgode gedien. Die Here het toe die Israeliete in die mag van die heidene – Sisera, Filistyne en Moabiete – oorgegee. En elke keer wanneer die verdrukking te erg geword het, die volk tot die Here geroep en hulle sonde bely. Dan het die Here die rigters – Jerubbaäl, Barak, Jefta en Samuel – gestuur en deur hulle het die Here sy volk van hulle vyande bevry.

In hierdie geskiedkundige oorsig maak Samuel dit baie duidelik dat die Here hulle God van Egipte se tyd af betroubaar oor hulle as Koning geheers het. As hulle om hulp geroep het, het die Here hulle gehelp. As hulle van die Here af weggedwaal het, het die Here hulle getugtig, want Hy wil hê dat hulle weer na Hom sal terugkeer. En hulle het teruggekeer. Hulle het nog hulle sondes bely en om hulp gesmeek. En die Here het hulle gehelp. Deur die rigters wat Hy gestuur het, het Hy hulle keer op keer bevry. Die Here het wel mense gebruik deur middel van wie Hy sy volk verlos het, maar dit was nooit die mense wat die bevrydingswerk gedoen het nie. Die Here het sy volk bevry soos Hy dit destyds in die tyd van Josua by Gilgal aan die volk gesê het. Die Here het dus nooit sy volk sleg behandel nie. Daarom kan Israel ook nie sê dit is oor die Here se behandeling dat hulle eerder 'n koning wil hê nie. Die geskiedenis is dus getuie teen Israel. Israel se geskiedenis is vol van die reddingsdade van die Here wat Hy gedoen het ter wille van sy volk.

Met hierdie rykdom van genade van die Here dwarsdeur Israel se geskiedenis word die jongste stukkie geskiedenis so vertel om te wys hoe belaglik en ironies Israel se optrede was om 'n koning te

kies bo die Here. In hulle vroeëre geskiedenis het die Here die Israeliete oorgegee in die mag van hulle vyande omdat hulle gesondig het. Hierdie laaste keer het hulle koning Nagas van die Ammoniete maar nog net gesien optrek teen hulle. Daar was nog nie eers 'n oorlog nie. Nagas het hulle ook maar nog net gedreig om Jabes se manne se regteroë uit te steek.

In plaas daarvan dat Israel insien dat hierdie bedreiging deur Nagas die Here se manier is om hulle weer na Hom toe terug te trek, dink hulle nie eers daaraan dat dit oor hulle sonde is wat daar nou weer benoudheid oor hulle gekom het nie. Met so 'n lang geskiedenis van die rigters agter hulle waarin die patroon homself oor en oor herhaal het, vra hulle nie eers dat die Heilige Gees vir hulle moet uitwys hoe en waar hulle teen God gesondig het sodat hulle die sonde kan bely nie. In plaas daarvan om hulle moeilikheid in terme van hulle stukkende verhouding met die Here te bekyk, verwêreldlik hulle die sonde. Wat word daarmee bedoel? Dit: Hulle sien die bedreiging deur die vyand nie as 'n gevolg van hulle sonde nie, maar as 'n gevolg van onvoldoende of swak leierskap. Met die onderrig wat Samuel gegee het sowel as donderslae en stortreën wys die Here vir Israel uit dat dit oor hulle sonde is.

Geliefdes, ons as kerk van die Here moet oppas dat ons nie dieselfde fout maak nie. Die Gereformeerde Kerke het in die Algemene Sinode in Januarie eenparig besluit dat daar 'n omkeerstrategie moet wees in die kerk. Die agtergrond vir hierdie besluit was dalende getalle in die GKSA en daarmee saam die gevolge wat minder lidmate het – tekorte op die finansiële state. Ons bid, broers, susters en kinders, dat die deputate wat aangewys is nie wêreldse oplossings gaan soek om die kerk te laat omkeer nie. Die finansiële tekorte wat daar op die state is, is nie in die eerste plek te wyte aan dalende getalle nie. Die dalende getalle is nie die probleem nie, dit is net die simptoom. Dit is die simptoom van die GKSA se sonde – my en jou sonde. Vir meer as honderd en vyftig jaar is ons geseënd met grondige en suiwere Woordverkondiging. In ons belydenisskrifte het ons die mooiste woorde van die grootste skat: Ons Here Jesus Christus het ons verlos!

Ons is oortuig dat ons die waarheid van die Here se Woord beet het. Maar ons sukkel om uit te gaan en dit vir ander te gaan vertel. Bid ons ten minste al dat die Here God hulle, wat nog verdwaal in die duisternis van die wêreld en hulle sonde, sal roep en bekeer? Broers ouderlinge, het ek en jy al die afvalliges en heidene tot bekering en geloof in Jesus Christus gaan roep? As ons nog nie met 'n ongelowige oor die verlossing in Jesus Christus gepraat het nie, het ons gelieg toe ons belowe het om ons Goddelike opdrag as predikant en ouderling getrou en met ywer uit te voer. Broer en suster, treur jy nog oor die sonde, joune en ander mense s'n? Word jy nog hartseer as jy hoor dat iemand ongelowig gesterf het? Ek en jy weet waar so iemand se ewige bestemming is. Die Here leer dit vir ons – so 'n mens is vir ewig verlore en hy beland in 'n plek waar die vuur nooit geblus sal word nie. Dit het tyd geword dat ons begin treur en met ywer die evangelie van Jesus Christus vertel en leef. Hier is 'n wêreld om ons wat verlore gaan en ons doen nie waarvoor die Here sy kerk hier op aarde gevestig het nie. Ons vertel vir niemand van Jesus Christus nie. Mag die Here ons bekeer sodat ons onself kan bekeer. Dit is waar die antwoord op die omkeerstrategie is – nie in allerhande mooi modelle nie.

Wat leer ons nog uit hierdie teks? Israel was daar by Gilgal opgetrek met hulle koning Saul. Hy was suksesvol in die eerste veldslag waarin hy as koning opgetree het. Die Ammoniete was so uitmekaargejaag dat jy nie twee bymekaar gekry nie. In hierdie manne se oë het die toekoms blink geskitter – Saul gaan ons nou verlos van elke vyand. Samuel sê vir hulle:

**Hier is dan nou die koning vir wie julle gekies het, op wie julle aangedring het. Kyk, die Here het 'n koning oor julle aangestel. (1 Samuel 12:13 AFR83)**

Agter hierdie mensekoning staan die Here God self as dié Koning. Saul is nie die een wat julle gaan verlos nie. God sal dit doen. Die moeilikheid is dat Israel die verlossing sien as 'n militêre saak en nie as 'n geestelike saak nie. Daar is nie een menslike koning wat mense van hulle sonde kan verlos nie. Saul kon dit nie doen, ook nie Dawid die man na God se hart nie, en ook nie Salomo die een vir wie

God liefgehad het nie. Dit wat die mense se koning nie kon doen nie, het God se eie Koning kom doen. Die Seun van God het mens geword. Jesus Christus het die volmaakte lewe van absolute gehoorsaamheid aan sy Vader gelei. Hy het die straf op die sonde volledig gedra – Hy was van sy Vader verlaat en het al die angste van die hel beleef. Hy het heeltmaal gesterf en is begrawe. Maar Hy is uit die dood opgewek omdat Hy die skuld volledig betaal het en tans regeer Hy as Koning vanuit die hemel. En Hy sal terugkom om die koninkryk van sy Vader volledig op die nuwe aarde te vestig. Jesus Christus is die Een na wie ons soek, aan wie ons vasklou, want ons lewe hang van Hom af en nie van enige mens nie. Israel moes daar by Gilgal besef dat die koningstyd nie 'n beter en blinker tyd sal wees as die rigtertyd nie. Of dit nou 'n rigter is en of dit nou 'n koning is, die Here alleen bly die Here en Koning en Verlosser van sy volk.

Geliefdes, kom ons hou styf vas aan Jesus ons Verlosser. Kom ons leef so naby aan Hom dat ons in elke voetspoor van Hom kan trap soos Hy ons lei. Kom ons volg Hom so dat ons kan begin om ander mense na Hom toe aan te trek. Mag ons so na ons Here Jesus as ons Koning opkyk en Hom navolg dat ander mense die heerlijkheid van die evangelie uit ons lewens kan sien straal.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede. U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal. Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
23 September 2012